CAMBRIDGE
International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2025**

TRANSCRIPT **Approximately 50 minutes (including 6 minutes' transfer time)**

This document has **12** pages. Any blank pages are indicated.

© Cambridge University Press & Assessment 2025



https://xtremepape.rs/

**E:** Cambridge Assessment International Education, Cambridge IGCSE Afrikaans as a Second Language, Paper 2, Listening, October/November 2025.

[BEEP]

**R:** **Oefening 1**

**Jy sal agt kort opnames hoor. Maak ’n regmerkie in die korrekte blokkie, A, B, C of D, by elke vraag.**

**Jy sal elke opname twee keer hoor.**

**R:** **Vraag 1**

**Waar dink die seun het hy sy horlosie verloor?**

PAUSE 00’03”

**V:** * Hoe was jou dag?

**M:** Goed, behalwe dat ek my horlosie verloor het... Ek weet ek het dit vanoggend aangehad, want ek het nog in Ma se kar op pad skool toe gekyk hoe laat dit is. En ek het dit beslis in my sportsak gesit toe ek gaan swem het én onthou om dit weer daarna aan te sit. Dit moes afgeval het terwyl ek in die bus was, want toe ek by die huis kom, het ek besef dit is nie meer aan my arm nie. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R:** **Vraag 2**

**Wie gaan eerste praat?**

PAUSE 00’03”

**M:** * Vandag in die ateljee gesels ons met mense oor hulle beroepe. Een is ’n joernalis wat ’n paar jaar gelede hier by ons gewerk het, en dan het ons ’n sjef wat ’n bekende restaurant in Kaapstad besit. Maar eers gesels ons met ’n mediese dokter wat vir ons meer oor sy werk gaan vertel. Interessant genoeg was hy eers ’n kunstenaar voordat hy besluit het om medies te studeer. Maar nou eers die nuus om agtuur! **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

© Cambridge University Press & Assessment 2025 

https://xtremepape.rs/

**R:** **Vraag 3**

**Hoe voel die vrou nou oor haar nuwe werk?**

PAUSE 00’03”

**M:** * Jy het vandag by jou nuwe werk begin, reg? Hoe voel jy daaroor?

**V:** Ek was maar skrikkerig. Dit is alles nuut en vreemd, maar ek was so verbaas om die werk by die skool te kry. Dit is ’n goeie geleentheid.

**M:** Ja, ek onthou toe ek by die hospitaal begin het hoe bang ék was.

**V:** Al was ek eers benoud, moet ek sê dat ek bo alles opgewonde is. Dit voel nie soos verlede jaar toe ek soms ’n paar keer by die werk gehuil het nie. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R:** **Vraag 4**

**Hoe het die meisie tot by die skool gekom?**

PAUSE 00’03”

**V:** * Haai Pa, ek los net ’n boodskap om te sê dat ek vanoggend weer laat was vir skool – en dit was nie eens my skuld nie! Gelukkig het Ma haar foon by die werk geantwoord en kon sy met die taxi-diens reël om my te help. Hulle moes iemand anders naby die skool gaan aflaai en ek het toe sommer die res van die pad gestap. Voordat ek Ma gebel het, het ek eers ons buurman gevra of ek sy fiets kan leen, maar dis stukkend. En ai, die onbetroubare skoolbus maak my moeg! **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R:** **Vraag 5**

**Watter nuwe sport bied die skool hierdie jaar aan?**

PAUSE 00’03”

**V:** * Goeiemôre klas! Dit is weer tyd om te besluit oor watter sportsoort julle tydens die sportperiode vanjaar wil doen. Hierdie jaar vervang krieket swem, terwyl die nuwe swembad gebou word. Omdat hokkie en tennis só gewild is, bly dit steeds ’n opsie. Bespreek gerus jou voorkeur met jou ouers voordat jy besluit. Laat weet asseblief vir my of die sportorganiseerder indien julle nog vrae het. Julle moet voor Vrydag julle vorms met julle keuse inhandig. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”



https://xtremepape.rs/

**R:** **Vraag 6**

**Wat het die man vandag gedoen?**

PAUSE 00’03”

**M:** * Dit was nog ’n heerlike dag van my vakansie. Ek was van plan om na die museum toe te gaan, maar die weer was so lekker dat ek eerder iets buite wou doen. Ek het gedink ek sal op ’n bustoer gaan, maar hoor toe ek moes vooraf bespreek. Ek het toe besluit om eerder in die mark te gaan rondloop en sal beslis weer teruggaan om daar te gaan eet, want die kos by al die restaurante lyk baie lekker. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R:** **Vraag 7**

**Wat wil die meisie graag ná skool doen?**

PAUSE 00’03”

**M:** * Jy weet mos ek gaan vir my pa in sy kantoor werk, want ek het die geld nodig. Het jy al besluit wat jy ná skool wil doen?

**V:** Ja. Ek weet presies wat ek gaan doen: rus! – want ek is nou moeg geleer. Nee, ek spot sommer! Die plan was mos om my suster as kelnerin in haar restaurant te help, maar eers gaan ek ’n jaar lank dié land plat reis. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R:** **Vraag 8**

**Watter dier wou die seun graag sien?**

PAUSE 00’03”

**V:** * Julle was mos die naweek by die wildtuin, nè? Hoe was dit? Het jy leeus gesien?

**M:** Dit was ’n belewenis en ja, daar was ’n hele trop leeus. Eintlik het ek gegaan vir die luiperd, maar soos altyd het hulle weggekruip. Dit was ’n jammerte, want ek het só daarna uitgesien. Gelukkig het ek my gunstelingdier, die olifant, gesien. Jy kan hulle mos nie miskyk nie! En ek het ook die spelerige apies vreeslik geniet. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R:** **Hierdie is die einde van oefening 1. Gaan nou na oefening 2.**

PAUSE 00’05”

© Cambridge University Press & Assessment 2025 

https://xtremepape.rs/

**R:** **Oefening 2**

**Jy sal vyf kort opnames hoor. Maak ’n regmerkie in die korrekte blokkie, A, B of C, by elke vraag.**

**Jy sal elke opname twee keer hoor.**

PAUSE 0’05”

**R:** **Luister na twee vriende wat gesels oor klere.**

**Kyk nou na vraag 9 en 10.**

PAUSE 00’15”

**V:** * Kan jy my asseblief help besluit wat ek vanaand na die dans toe moet aantrek? Jy het tog sulke goeie smaak.

**M:** Met plesier, maar onthou: dit is net ’n skooldans, nie jou troue nie!

**V:** Baie snaaks. Help my tog nou. Ek wou hierdie geblomde rok aantrek, maar nou is dit vuil. Die ander opsie is dié een met die strepe, maar ek het dit laas na die konsert toe aangetrek.

**M:** Mmm, laat ek sien. Wat van hierdie een agter in jou kas met die swart en wit patrone?

**V:** O ja! Ek het al vergeet van daardie een. Dit sal perfek werk. Dankie, ek het geweet ek kan op jou staatmaak. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R:** **Luister na ’n praatjie oor gesondheid.**

**Kyk nou na vraag 11 en 12.**

PAUSE 00’15”

**M:** * Mense dink om gesonder te lewe moet jy minder eet en meer oefen. Maar ’n gesonde lewenstyl gaan oor baie meer. Wat en wanneer jy eet, is net so belangrik soos hoeveel jy eet. Ek eet byvoorbeeld net tussen 6 in die oggend en 6 in die middag. Kleur op jou bord is ook belangrik. En onthou: die gesondste is groen en rou. Vir oefening, kies ’n aktiwiteit wat volhoubaar en pret is. In die winter moet ek soms binne oefen, maar ek verkies om buite te oefen. Ek sit altyd musiek aan om my te motiveer. Baie mense oefen in groepe en gesels, maar ek wil eerder konsentreer op wat ek doen. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”



https://xtremepape.rs/

**R: Luister na ’n selfoonboodskap oor ’n televisieprogram.**

**Kyk nou na vraag 13 en 14.**

PAUSE 00’15”

**V:** * Annemie! Ek kan nie glo jy antwoord nie jou selfoon nie! Ek is nou op pad terug huis toe ná hokkie. Jy is seker nog by atletiek. Of nee, dit was gister. Vandag is mos jou netbaltoernooi! Maar waaroor ek eintlik bel, is oor ons gunsteling-TV-program. Het jy gisteraand se episode gesien? Ek was sommer hartseer toe ek begin kyk het, want ek weet dit is die laaste episode van die reeks. Gelukkig het ek gou daaroor gekom en was so opgewonde om te sien wat gebeur. Ek kan nie glo dit het so geëindig nie! Ek is sommer vies en gaan nie die volgende reeks kyk nie! In elk geval, bel my terug wanneer jy hierdie boodskap kry. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R: Luister na ’n radio-onderhoud met ’n bekende musikant.**

**Kyk nou na vraag 15 en 16.**

PAUSE 00’15”

**M:** * Vertel ons waar jou passie vir die dwarsfluit vandaan kom.

**V:** Snaaks genoeg het ek eers ná skool ’n instrument begin bespeel. Ek het nog altyd van musiek gehou en het ’n bietjie in die kerk gesing, maar nooit ’n instrument probeer nie. Ek het op ’n dag in die mark gaan stap en die mooiste musiek gehoor. Ek het die klank gevolg en toe op ’n man met ’n fluit afgekom. Ek het gedink dit gaan baie moeilik wees om so ’n lieflike instrument te bespeel, maar toe nie. Ek dink ’n kitaar is meer uitdagend, om nie eens te praat van ’n viool nie. Ek het ook al beide probeer speel, maar my hart op die fluit verloor. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R: Luister na ’n man en vrou wat gesels oor hulle vakansie.**

**Kyk nou na vraag 17 en 18.**

PAUSE 00’15”

**V:** * By watter hotel, dink jy, moet ons hierdie vakansie bly?

**M:** Dit is regtig moeilik. Daar is so baie om van te kies en hulle advertensies is so goed. Ek hou van dié wat gratis etes gee en nie onnodig geld vra vir ekstra aktiwiteite nie.

**V:** Ja, ek is self deurmekaar, maar net omdat die hotelle so ’n groot verskeidenheid aktiwiteite aanbied. Wat ek wel weet is dat ek nie gaan om te eet nie. Ek wil my dae in die water spandeer en duik, seil en sommer net swem.

**M:** Wel, om lekker te eet is ook nie vir my ’n prioriteit nie. Ek wil net heeldag langs die swembad lê en ’n goeie boek lees. **

PAUSE 00’05”

© Cambridge University Press & Assessment 2025 

https://xtremepape.rs/

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’05”

**R:** **Hierdie is die einde van oefening 2. Gaan nou na oefening 3.**

PAUSE 00’05”

**R:** **Oefening 3**

**Luister na Zainub Amla wat ons oor brei vertel. Maak ’n regmerkie in die korrekte blokkie, A, B of C by elke vraag.**

**Jy sal die praatjie twee keer hoor.**

**Kyk nou na vrae 19–26.**

PAUSE 00’40”

**V:** * Wie sou nou ooit kon glo dat ’n bol wol en ’n paar naalde so gewild sou word?

Van Olimpiese atlete tot Hollywood-sterre tel nou breinaalde op. Selfs die Vikings het destyds van brei gehou.

Brei is nie net goed vir jou gemoed nie, dit stimuleer ook jou brein. Daar is byvoorbeeld ’n professionele duiker wat tydens ’n kampioenskap langs die swembad gesit en brei het. Hy het vas geglo dit help hom om te konsentreer.

Sy 3,5 miljoen aanhangers op sosiale media was amper meer opgewonde oor sy breiwerk daardie dag as oor sy medaljes en hy het 3,8 miljoen likes op sy blad gekry. Daar word geskat dat hy meer as 3 miljoen mense geïnspireer het om ook te brei.

Dié spierpaleis het onder meer ’n jassie, ’n trui én ’n sakkie vir sy goue medalje langs die swembad gebrei. Dié jassie was vir ’n vriend se Franse bulhond. Dit het ’n wêreldwye sensasie geword en nog selde was diere oral so snoesigwarm soos hierna.

Hy het later verduidelik dat hy ’n ruk gelede ’n pynlike besering opgedoen het wat hom vir ’n paar weke in die bed laat beland het. Hy het toe begin brei om homself besig te hou, maar het aangehou omdat dit vir hom lekker is en brei hom help ontspan.

Brei is ouer as hekel, maar jonger as weef. In Ierland was dit meestal mans en veral skaapwagters wat vroeër jare gebrei het. Hulle het hul skape se wol omskep in warm komberse en kouse vir lente- en somernagte wanneer hulle buite saam met hulle skape moes slaap.

In die res van Europa is slegs mans toegelaat om te brei. Hulle moes ’n driejaarkursus doen voor hulle professioneel mag begin brei het en wolprodukte kon verkoop. ’n Rede hoekom hulle dalk begin brei het, was om visnette te maak. Breinaalde is voorheen uit verskillende produkte soos been, ivoor en selfs skilpaddop gemaak.

Tans is brei weer die in-ding. Mense kan hulself mos sommer deur middel van die internet leer hoe om die breikuns te bemeester. Dít maak dit so ’n aantreklike stokperdjie. In ons daaglikse lewe is dit so maklik om jou tyd op digitale platforms te bestee, sonder dat jy iets het om daarvoor te wys. Maar as jy van daardie tyd gebruik om ten minste iets nuuts te leer, het jy darem iets konstruktiefs gedoen.



https://xtremepape.rs/

Terwyl jy brei, sien jy hoe jou handewerk vorder en dit help jou om doelgerig te bly. Soos jy sukses ervaar, stel jou brein ook dopamien vry wat jou goed laat voel. Om ’n breiprojek klaar te maak, kan jou dieselfde fantastiese gevoel gee soos wanneer jy die laaste stuk van ’n legkaart insit. Maar my persoonlike gunsteling: Brei verg inspanning en kan sommer maklik 200 kalorieë in ’n sessie verbrand.

Dus, tel daardie breinaalde vandag nog op en word ’n rustiger, gesonder mens! **

PAUSE 00’10”

**R:** **Jy sal die praatjie nou nog ’n keer hoor.**

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’10”

**R:** **Dit is die einde van oefening 3. Gaan nou na oefening 4.**

PAUSE 00’05

**R:** **Oefening 4**

**Jy sal ses jongmense oor sport hoor praat.**

**Kies een stelling (A–H) uit die lys vir vrae 27–32. Skryf die korrekte letter (A–H) in die gepaste spasie op die antwoordblad.**

**Jy sal die gesprek twee keer hoor.**

**Lees nou stellings A–H.**

PAUSE 00’30”

**R:** *** Spreker 1**

**M:** Tradisionele spansportsoorte soos rugby en krieket sal nooit verdwyn nie. ’n Mens kan wel sien dat die toeskouers langs die sportveld deesdae uit veral ouer mense bestaan. Jongmense doen eerder ander dinge met hul tyd soos om rekenaarspeletjies te speel. Individuele sportsoorte soos fietsry en swem word ook al hoe gewilder. Hulle wil eenvoudig net nie meer altyd aan spansport deelneem nie.

PAUSE 00’10”

**R:** **Spreker 2**

**V:** Wel, ek is nie verbaas dat sportsoorte soos sokker en netbal minder toeskouers lok nie. Om eerlik te wees, ek dink die dae van gevestigde sportsoorte is getel. Daar is deesdae soveel meer nuwe, opwindende sportsoorte daar buite. Iets soos byvoorbeeld e-sport, waar mense sportvideospeletjies speel. En ja, dit word inderdaad nou as ’n sport geklassifiseer. Van my vriende het selfs al beserings in e-tennis opgedoen, kan jy dit glo!

PAUSE 00’10”



https://xtremepape.rs/

**R: Spreker 3**

**M:** Ek is mal oor tradisionele sportsoorte en het self professioneel hokkie gespeel. Ek mis dit, want ek was nog nooit weer so fiks nie en die betaling was nie te sleg nie. Dit was ook lekker om ná die tyd na ons wedstryd op die rekenaarskerm te kyk om die hoogte- en laagtepunte van die dag se spel te bespreek. Ek wil ook graag een of ander tyd ’n e-sport probeer, want dit is beslis nie net vir jongmense nie.

PAUSE 00’10”

**R: Spreker 4**

**V:** Tradisionele sportsoorte kry te veel aandag. Op skool was daar druk op ons om rugby te speel. ’n Paar van ons het beserings opgedoen, al was ons fiks. Ons jongmense kyk deesdae anders na wat sport eintlik beteken. Soos ons weet, is e-sport gewilder onder jongmense. Dit maak sin, want ek kan my nie indink dat my pa en sy vriende heeldag aanlyn krieket gaan speel soos ek en my pêlle nie! My pa-hulle verkies om op ’n regte veld te speel.

PAUSE 00’10”

**R: Spreker 5**

**M:** Ek kan verstaan dat daar minder spelers is wat aan tradisionele sportsoorte wil deelneem. Beserings in byvoorbeeld rugby en hokkie gebeur inderdaad baie gereeld en is natuurlik veel meer as in enige e-sport. Wie sal nou daardie risiko sonder goeie betaling wil neem? Nogtans dink ek dis onregverdig dat professionele sportspelers soveel geld maak. Ek voel dat daardie enorme somme geld beter gebruik kan word.

PAUSE 00’10”

**R: Spreker 6**

**V:** Toe ek klein was, het ons elke middag ná skool ’n sokkerbal op ’n oop stuk veld gaan rondskop. Dit was die hoogtepunt van ons dag en selfs e-sportspeletjies kon ons nie in die huis hou nie. Dit was natuurlik ook altyd gratis en al wat ons gekort het, was ’n bal. Daar is nie meer soveel oop velde vir ons jongmense nie en nou moet jy betaal om selfs iets soos sokker iewers te gaan speel, en dit is ’n probleem. **

PAUSE 00’10”

**R: Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.**

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’10”

**R: Dit is die einde van Oefening 4. Gaan nou na Oefening 5.**

PAUSE 00’05”



https://xtremepape.rs/

**R:** **Oefening 5**

**Luister na ’n onderhoud met Simon Oberholzer, ’n klavierstemmer.**

**Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, A, B of C, te kies en ’n regmerkie in die gepaste blokkie te maak.**

**Jy sal die onderhoud twee keer hoor.**

**Kyk nou na vrae 33–40.**

PAUSE 00’45”

**V:** * Vertel ons hoekom mense jou die klavierfluisteraar noem?

**M:** Die bynaam is vir my gegee toe ek my 10 000ste klavier gestem het, meer as enige ander stemmer in die land. Mense bel gereeld en vra vir die klavierfluisteraar en dan sê ek, ek is ook net ’n doodgewone mens wat ’n slag met klaviere het. Dit is in my familie se gene, jy weet?

**V:** Wat bedoel jy daarmee?

**M:** Ek is die vierdegeslagklavierstemmer in ons familie. My oupagrootjie het die familieklavierstembesigheid in Duitsland langs ’n bekende klavierfabriek gestig. Daarna het my oupa in sy voetspore gevolg, maar later na Suid-Afrika geëmigreer en ’n werkswinkel in Pretoria geopen. Toe het my pa weer by hom oorgeneem, en ek het die familietradisie voortgesit.

**V:** Is dit by jou pa waar jy die meeste oor klavierstem geleer het?

**M:** Ja, ek was die hele tyd by hom. Sy werkswinkel was my speelplek en ou klavierwrakke was my klimrame. Later het my pa se werk my aandag getrek en het ek begin oplet hoe hy sy werk doen.

**V:** Het jy dus altyd geweet jy wil met klaviere werk?

**M:** In my Duitse laerskool was dit my passie, maar in my Afrikaanse hoërskooljare raak ek rebels en oorweeg toe sterk om onderwys of selfs kuns te studeer. Maar dié nuk het net so twee jaar gehou! Ek het my vrou, Heidi, ontmoet en sy het my omgepraat om na my eerste liefde terug te keer. Sy is mos ’n pianis!

**V:** Waar het julle mekaar ontmoet?

**M:** Ek was op vakansie toe ’n vriend my aan Heidi en haar ouers voorstel. Haar pa het trots vir my sy klavier, ’n erfstuk van sy ma, gewys en aangegaan oor hoeveel dit nou werd sou wees. Ek het die klavier ondersoek. Dit het geen waarde gehad nie, toe sê ek vir hom: “Steek die ding aan die brand!” Julle moes sy gesig sien! Hy was nie gelukkig met my nie, maar ons kon later vrede maak en ’n paar jaar later is ek en Heidi getroud en woon steeds in Pretoria.

**V:** Stem jy klaviere net hier rond?

**M:** Glad nie. Ek reis sowat vyf keer per jaar regoor die land. Mense moet my dienste tot drie maande vooruit bespreek sodat ek my roetes daarvolgens kan beplan. Soms kry nie almal plek nie, want hulle is te laat. Dan is ek al te ver verby hulle dorp en kan nie weer terugdraai nie. Ek is gelukkig, want my dienste is baie populêr. Maar ek pas almal in wat bespreek voordat ek vertrek.

© Cambridge University Press & Assessment 2025


https://xtremepape.rs/

**V:** Is dit waar dat niemand in jou familie klavier kan speel nie?

**M:** Inderdaad, behalwe Heidi, natuurlik. Ek self kan glad nie eers musiek lees nie. Ek sê altyd: Max Verstappen kan wel Formule 1-wedrenne wen, maar van sy motor se enjin weet hy amper niks nie. Sy tegnikusse kan weer die enjin regmaak, maar kan nie jaag nie. Dit is dieselfde met klavierstem en -speel! Ek het beslis nie nog tyd vir speel ook nie!

**V:** Het jy enige raad aan mense wat klaviere besit?

**M:** As jy ’n gereelde speler is, moet jou klavier elke jaar gestem word. Moenie ongeduldig wees en ’n vinnige elektroniese stemmer gebruik nie. Dit is juis die geheim: Gebruik ’n meester op sy vakgebied om die beste uit jou klavier te kry.

**V:** Vind jy ooit klaviere wat jy glad nie kan stem nie?

**M:** Soms gebeur dit dat ek klaviere kry wat jare gelede gestem of in stand gehou is, maar ek wil dit nooit sommer net afskryf nie. Ek probeer altyd ’n klavier red solank iemand nog sentiment daarvoor het.

**V:** Ek is seker hulle is dan baie dankbaar. Baie dankie vir die gesels, Simon. **

PAUSE 00’10”

**R: Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.**

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’10”

**R: Hierdie is die einde van oefening 5.**

**Jy het nou 6 minute om jou antwoorde op die antwoordblad te skryf. Jy sal gewaarsku word wanneer daar nog net 1 minuut oor is.**

PAUSE 05’00”

**R: Daar is nou 1 minuut oor.**

PAUSE 01’00”

**R: Dit is die einde van die toets.**

**E: This is the end of the examination.**

© Cambridge University Press & Assessment 2025 

https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (Cambridge University Press & Assessment) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge International Education is the name of our awarding body and a part of Cambridge University Press & Assessment, which is a department of the University of Cambridge.

© Cambridge University Press & Assessment 2025 

https://xtremepape.rs/